27 November 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Geseënde adventstyd! - *James Kirkpatrick*

Aan die begin van 2020 het die media gespeel met die moontlikhede wat hierdie jaartal bied. Een daarvan was om van 2020 as die jaar van normale 20/20 visie te praat. Hoe ironies?! Dié jaar was alles behalwe normaal en ons sukkel steeds om te sien waarheen ons op pad is.

Die manier waarop die Ou Testament oor tyd praat, kan ons baie help. Vir hulle was dit in elk geval ondenkbaar om te dink dat jy kan sien wat die toekoms inhou. Jy reis met jou rug die toekoms in, terwyl die verlede voor jou oop lê. Dan het hulle altyd na die groot dade van God gekyk wat in die verlede lê en met vertroue die onbekende toekoms ingegaan. Dit is presies wat ons Sondag op eerste advent (29 November) begin doen. Wat God in Jesus gedoen het, is bekend. Ons begin 'n nuwe kerkjaar met 'n stil vertroue op God.

Geseënde adventstyd en Kerstyd vir julle almal. Onthou die Kerssangdiens Sondagaand.

Sondag 29 November se spesiale eredienste

Dit is Sondag die 1ste van 4 Advent-Sondae. Vir die volgende 4 Sondae word daar 'n Adventkers opgesteek en hierdie Sondag is dit die kers van "hoop". Sondag het ons twee spesiale eredienste! Tydens die **08:30 erediens** is dit ons jaarlikse herinneringsgeleentheid. Ons dink terug aan hulle wat ons die afgelope jaar deur die dood ontval het, deur aan familie of vriende geleentheid te gee om 'n kers tydens die erediens aan te steek. Dié diens word gelei deur James.

Tienie preek by die **10:00 erediens** met die tema *"Hoop is om God te vertrou"* en die beeld van hoop as 'n "lewensanker" (Heb 6:18-19) gaan gebruik word. Nog drie babas word deel van die gemeente deur gedoop te word - Joshua Benjamin Johannes Spruyt die seun van Stephan en Maré; Liah van Aardt die dogter van MC en Judy en Migael Olivier die seun van Greg en Marizanne.

En **19:00** is dit ons jaarlikse **Kerssangdiens**. En vanjaar is die Kerssangdiens buite, in die ope lug! Ons gaan die diens voor die hoofingang van die kerkgebou versamel. Elkeen bring sy kampstoel of kombers en piekniekmandjie. Die musikante gaan hulleself op die kerk se trappe staan maak, en ons hou duime vas dat dit 'n aand met 'n oop hemel en vol sterre sal wees! Die diens word gelei deur Fay.

Jy is welkom om vriende en familie te nooi om saam met ons die aand te kom geniet!



Baie welkom aan die volgende dopelinge!

Baie welkom aan
Migael Olivier, die ouers,
familie en vriende!

Baie welkom aan
Joshua Benjamin Johannes Spruyt,
die ouers, familie en vriende!

Baie welkom aan
Liah van Aardt, die ouers,
familie en vriende!

Skooltassies se fondse is nog bietjie eina!

Dankie vir almal wat reeds bydraes gemaak het vir die skooltassies wat ons elke jaar vir minderbevoorregte kinders skenk. Die tassies is spesiaal gevul vir kinders wat die eerste keer skooltoe gaan.

Die koste van 'n tassie en die inhoud daarvan is R400. As jy een tassie kan borg sal dit baie help, maar selfs 'n bydrae vir 'n halwe tassie (R200) sal hoog waardeer word! Merk net die inbetaling '***skooltassie'.***

Kerssangdiens onder die stêrre - 29 November

Dit gaan sommer 'n groot en lekker geleentheid wees! Kerssangdiens, piekniek, afsluiting van 'n moeilike jaar, en wat jy ook aan kan dink ons behoort te vier! Die kerssangdiens gaan reg voor die kerk se hoofingang gehou word. Bring jou kampstoele, of 'n kombers en jou piekniekmandjie. Die musikante gaan op die trappies wees, asook die skerm. Hulle is as volg: **Maricus le Grange: Orrel, Renate van Niekerk: Klaverbord/keybord, Jattie de Beer: Kitaar en stem, Ilse de Beer: Stem, Duncan Laubscher: Elektriese kitaar, Willem Wannenburg: Dromme, Graig McCreath: Baskitaar, Gert Wolmarans: Saksofoon, Ronelle Bosman: Dwarsfluit, Jevon O Donovan: Trompet en Abigail Erasmus - Viool**.

Nooi jou vriende en familie uit om saam te kom sing en kuier onder die stêrre hier kort voor Kersfees! Indien dit Sondagmiddag reën gaan die kerssangdiens steeds voort. Daar sal beperkte sitplek in die kerk en binnehof beskikbaar wees.

Hierdie **"SCAN ME"** kode gaan op verskeie plekke beskikbaar wees. Jy kan met jou foon 'n foto daarvan neem en dan sal jy die hele Kersprogram met die liedere kan lees.

SCAN ME

Kersfeeskosmark bestellings word verleng met 'n dag!

Om klein besighede in ons gemeente en gemeenskap te ondersteun hou ons weer die 4de Desember 'n kosmark. Die besighede wat deelneem verskaf wonderlike tuisgemaakte produkte. Ons eie Toy en Anette sorg vir heerlike bevrore etes en tuisgebak. Jy wil ook nie uitmis op die jongvolwasse selgroepe se hamburgers nie. Die hamburger fondse gaan gebruik word om 'n baie nodige gym by Margaretha Ackerman ouetehuis te help installeer. *Vula Food shack* verskaf weer vars vrugte, groente en plantjies (met geen plastiese-verpakking wat Fay baie bly maak). Daar is ook heerlike koffie, souse en olyfolie vir jou spens. **Sodat jy nie uitmis op hierdie wonderlike geleentheid nie, het ons die bestellings verleng met 'n dag - komende Sondag is die laaste dag wat bestellings geplaas kan word**.

Hoe werk dit op die *Foodbooking-toepassing*?

1. Laai die **FoodBooking app** af, plaas jou bestelling en betaal sommer met EFT.
2. Of gebruik hierdie skakel om jou bestelling by die kerkkantoor te plaas - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Kersfees-Kosmark-Spyskaart.pdf**
3. Alternatiewelik kan jy hierdie Sondag tussen die eerste en tweede diens jou bestelling in die binnehof maak.
4. Laai jou lekkernye by die gemeente op tussen 16:00 en 19:00 op die 4de Desember.

Operasie restorasie - 6 Desember

Bring jou gesin of vriende en kom help om Sun Sparrows kleuterskool op te kikker voordat jy met vakansie gaan. Sun Sparrows kleuterskool het gevra of ons kan help om 'n vrolike muur vir hulle te verf. Ons vertrek 6 Desember om 10:30 vanaf die kerk. Trek asseblief ou klere aan en bring vir jouself iets te ete en te drinke. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay (083 478 0854).

Gebed Sonder Grense

Saterdag **5 Desember** 07:00 in die kapel word dié geleentheid aangebied waar Eberhard Brown terugvoer gaan gee oor die uitreik na Duitsland.

Ongesteld

Henk Basson van Pienaarstraat 419 sterk tuis aan na 'n knie-operasie.

Nuwe lidmate

Baie welkom aan **Marcel en Wilhelmina Burchell** van Clarkstraat, Brooklyn.

Verjaarsdae 29 November - 5 Desember

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 29 November:
Rina Brandt, Elsa Jordaan, Max Keith, Malo la Grange, Michiel Maas,
Cobus van der Merwe, Cretienne Vorster.

Maandag 30 November:
Juliette Booysen, Piet de Wit, Jimmy Fischer, Kamo Mahlasela, Marie Oberholster,
Tharina Odendaal, Reneke Roodt, Herclé van Biljon, Gideon van der Linde.

Dinsdag 1 Desember:
Wimpie Barnard, Floris du Plooy, Ragie Ferreira, Julanda Meyer,
Liezel Pont, Monika Pretorius.

Woensdag 2 Desember:
Madeleine Henning, Braam Massyn-Loubser, Marsha Massyn-Loubser, Lydia Pienaar,
Lizé Prinsloo, Elizna Roos, Janette Sievers, Marie Visagie, Ronny Webber-Youngman.

Donderdag 3 Desember:
Jako de Wit, Marietjie Joubert, Gavin Lachenicht, Karen Stander.

Vrydag 4 Desember:
Roelof de Villiers, Suzaan Esterhuyse, Sebastian Stellaard, Jandré van der Westhuizen.

Saterdag 5 Desember:
Deon Botha, Adriénne Kloppers, Jané le Roux, Gregor, Mcgregor,
Cobus van der Merwe, Corlia van Gass.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za